

Sing vooraf: Psalm 63:2 (p. 307)

- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.
Want bo ons lewe in kammernis, / wat sonder U geen lewe is,
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 86:5 (p. 433)

- 5 Al die volke in heidenlande – / eie maaksel van u hande –
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbidde eer.
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 113:1 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!

Skriflesing: Eksodus 34.

Teks: Eksodus 34:10; Kategismus Sondag 34

Toe antwoord Hy: Kyk, Ek sluit 'n verbond; voor jou hele volk sal Ek wonders doen soos daar op die hele aarde en onder al die nasies nie geskape is nie, sodat die hele volk onder wie jy is, die werk van die HERE kan sien. Want verskriklik is dit wat Ek aan jou gaan doen.
(Eksodus 34:10 AFR1953)

Een van die maniere waarop God Hom en sy wil aan ons openbaar, is deur die wet.

- Ons moet goed onderskei tussen God se wet en ons wette.
- Die wet van die Here is enig van sy soort – die wet van die Here staan bo al die menslike wette.
- Die wet van die Here is ook onmisbaar vir alle mense.

Die wet was bedoel om Israel te leer om volgens God se wil te lewe.

- Hulle moes daarmee opgevoed word soos wat ons ons kinders opvoed.
- Dit beteken ook natuurlik dat hulle daardeur die Here leer ken het.
- Dit is die een kant van die saak.

Die ander kant van die saak is dat 'n gelowige nie 'n dagloner is nie.

- Hy word nie elke aand betaal vir die werk wat hy deur die dag gedoen het nie.
- Die gelowige is 'n kind van God, en 'n kind word anders behandel as 'n dagloner.

Ons is verlostes in Christus.

- Elke kind het die reg om aanspraak te maak op sy vader se liefde.
- Ons is deur die Here Jesus Christus kinders van God en daarom is ons geregtig op God se liefde – maar dis 'n genadereg!

Dit beteken baie as ons van die wet praat, en ons sê dat ons kinders van God is, en verlostes in Jesus Christus.

- Langs die wet beteken dit dat ons kinders is wat vrygemaak is van die dwang van die wet.
- Ons is ook vry van dié wet dat ons met die hel en die dood gestraf gaan word as ons die wet nie onderhou nie.
- Ons is juis vrygemaak daarvan omdat dit die werk was wat die Here Jesus Christus vir ons kom volbring het.

Maar dit beteken glad nie dat ons nou sonder verantwoordelikheid is nie. Want hierdeur rus daar inderwaarheid 'n ander verpligting op ons.

- Kindskap vereis juis gehoorsaamheid.
 - Ons het nie toestemming om losbandig te lewe nie.
 - Ons moet nog steeds die wet gehoorsaam.
- Ons gehoorsaam die wet om 'n ander rede.
 - In die Ou Testament moes die wet gehoorsaam word om straf vry te spring.
 - Ons gehoorsaam nie die wet om straf vry te spring nie.
- Ons moet die wet gehoorsaam uit dankbaarheid teenoor die werk van Jesus Christus wat vir ons die wet onderhou het sodat die wet ons nie skuldig voor God kan stel nie.

Kom ons gaan kyk net eers weer waarom die Here die wet gegee het.

- Israel kom uit Egipte – 'n plek wat besaai is met tempels van afgode.
- Dit was ook 'n land waar die afgodspriesters en waarsêers en heidense towenaars die belangrikste mense was.
- Verder moet ons onthou dat hierdie land met sy handel in aanraking gekom het met nog meer heidense godsdienste van ander lande ook.

Daar was dus 'n dringende behoefte dat die Israeliete godsdienstig opgevoed moes word.

- Hulle moes geleer word dat hierdie afgodediens van die duiwel is, en dat dit net bestaan onder volke wat God verlaat het.
- Die Israeliete het so lank onder die Egiptenare gebly dat daar sommiges van hulle was wat self vir hierdie gode begin bid het.
- Dink maar aan die goue kalf wat hulle aanbid het toe Moses van die berg af gekom het – dit was iets wat hulle in Egipte geleer het. Hulle het dit nie vir die eerste keer daar in die woestyn uitgedink nie.
- Dit is waarom daar in die heel eerste gebod geskrywe staan:
Julle mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die doel van hierdie tien gebooe is dat ons God as die enigste God moet ken, en weet dat Hy alleen God is oor al wat leef.

- Die Tien Gebooe is só geskryf dat dit al die terreine van die lewe dek.
- Die doel is dat ons moet beseft dat daar werklik niks op die aarde is wat nie onder die heerskappy van God is nie.

Die wet leer ons dat ons nie kan lewe sonder godsdiens nie.

- Godsdiens is alles wat jou lewe omsluit.
- Die godsdiens is nie net beperk tot die kerk en die aksies wat van die kerk uitgaan nie.
- Dit raak alles wat jy elke oomblik van jou lewe doen, want God heers oor alles.

Kinders wat aan hulle Vader gehoorsaam is, verwag van Hom alleen alles wat goed is.

- God gee die goeie aan ons.
- Nie net op geestelike gebied nie, want ons is geneig om die gawes van God te versmal tot geestelike gawes alleen.
- God voorsien ook op materiële gebied.

Kort saamgevat leer die wet ons om God lief te hê, te eer en te vrees.

Psalm 119:1 lui so:

Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die HERE wandel.
(Psalms 119:1 AFR53)

En Kolossense 3:17 sê:

En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom. (Kolossense 3:17 AFR53)

Doen alles en dank God. Die wet is pure dankbaarheid. Dit is maar eintlik wat hier staan.

Dit is so om twee redes:

- Die eerste is omdat die wet ons die kennis gee om te onderskei tussen goed en kwaad.
 - Ons ontvang die vermoë om reg en onreg te skei.
 - Dit maak dit dan moontlik dat ons God op die regte manier kan dien – maar nou is dit so dat ons nie kan nie, al wil ons ook, want ons is te sondig van geaardheid.
- Dit bring ons by die tweede rede waarom die wet 'n reël van dankbaarheid is.
 - Die Here Jesus Christus het hierdie verskriklike wet, wat nie een van ons kan onderhou nie, vir elkeen van ons onderhou.
 - Dit is nie so dat Christus net vir ons tyd in die hemel gesterf het nie.
 - Met ander woorde dat Hy gesterf het dat ons eendag die ewige lewe kan hê,
 - maar solank as wat ons in hierdie lewe is, laat Hy ons maar net aan onself oor nie!

Die Here Jesus Christus laat dit nie nou maar aan onself oor om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is nie.

- Ons word allermens gelos om in ons eie swakheid voort te ploeter.
- Nee, Hy het die wet volbring juis sodat ons in sy verdienste kan onderskei tussen dít wat God van ons verwag, en dít wat God ons verbied.

Dit maak die wet 'n reël van dankbaarheid, want dit onderstreep wat Christus alles vir ons gedoen het, en wat ons alles daardeur verwerf sonder dat ons iets verdien.

Die Here laat die apostel Paulus die hele opset van ons redding saamvat as hy sê dat ons nie gered word omdat ons goeie werke doen en die wet onderhou nie, maar enkel en alleen uit geloof.

terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie. (Galasiërs 2:16 AFR53)

Daar is natuurlik baie dinge wat ons van die Here Jesus Christus moet glo, maar hier, ten opsigte van die wet,

- moet ons glo dat God Hom in die wet aan ons openbaar, en dat ons Hom nie daarin kon ken nie – nie ten volle nie.
- Daarom onderhou die Here Jesus Christus vir ons die wet sodat ons steeds kan aanspraak maak op genade.

Dan verdwyn die verskrikking van die wet vir ons. Dit is dan 'n reël van dankbaarheid, omdat dit vir my 'n weergawe is van die geweldige werk wat Christus vir my gedoen het by God, sodat ek onverdiend in die hemel kan instap.

Kom ons lees wat in die Heidelbergse Kategismus Sondag 34 geskryf staan:

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: *God het al hierdie gebooie aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21): Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.*

Die eerste gebod

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en nie dien nie, want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat. En Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

Die derde gebod

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die Here, dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Die sesde gebod

Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod

Jy mag nie egbreek nie.

Die agste gebod

Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod

Jy mag geen vals getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: *In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).*

(a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: *Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (l).*

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31 Deut 18:9, 10, (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9.

(d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14.

(h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10;

Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (l) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: *Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).*

(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.

Amen.

Slotgebed

Ons dank U dat U u genade aan ons openbaar. Ons dank U ook dat dit u genade is wat vir ons redding bewerk het, omdat ons nie u wil kan nakom nie. Laat ons U altyd ken as die Oorsprong van alle goeie dinge in ons lewens. Ons bid in die Naam van Jesus Christus.

Amen.

Slotpsalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 1 Desember 2013

Die inhoud van die Tien Gebooie:

- Die eerste vier gebooie leer die volk wat hulle verhouding met en hulle *verpligtinge teenoor God die Here* is. Dit is ook die eerste tafel wat Moses gedra het.
 - Die eerste gebod handel oor die liefde tot God.
 - Die tweede een oor die diens van God (die feit dat hulle nie deur beelddiens mag aanbid het nie).
 - Die derde gebod handel oor die Naam van God.
 - Die vierde gebod gee die verpligtinge wat ons het teenoor die dag van God.
- Die tweede kliptafel het 'n hele reeks nuwe gebooie bevat. By die tweede reeks gebooie gaan dit oor die volk se verhouding tot ander mense.
 - Die vyfde gebod leer ons van die gesag van ons meerderes.
 - Die sesde gebod beskerm die lewe van die mens.
 - Die sewende bewaar die reinheid van die mens se huwelik.
 - Die agste handel oor die eiendom van die mens.
 - Die negende beskerm die naam van elke mens wanneer God die mens verbied om sy naaste se naam te loop en beswadder.
 - Die tiende gebod verbied die mens om allerhande verkeerde begeertes te hê.